

IN DIE HOOGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

Ass. 2

SAAKNOMMER: CC 482/85

DELMAS

1986-02-26

DIE STAAT teen:

PATRICK MABUYA BALEKA EN 21

ANDER

VOOR:

SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSORE: MNR. W.F. KRÜGEL

PROF. W.A. JOUBERT

NAMENS DIE STAAT:

ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING:

ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK:

MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE:

(SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT:

AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

KONTRAKTEURS:

LUBBE OPNAMES

VOLUME 35

(Bladsye 1557 - 1620)

HOF HERVAT OP 26 FEBRUARIE 1986.

LORD ELDORADO RIGHTEOUSNESS McCAMEL, nog onder eed (Deur tolk)
MNR. HANEKOM PLAAS OP REKORD DAT BESKULDIGDES NRS. 4. 8 EN 17
NCG STEEDS AFWESIG IS.

ONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM (vervolg) : Ons het gister gepraat van die gevolge vir 'n geaffilieerde organisasie, die gevolge wat dit inhoud vir die organisasie as hy affilieer met UDF. Een asyek daaroor nog. Was daar enige gevolge vir 'n geaffilieerde organisasie met betrekking tot publikasies in pamphlette en ander literatuur? -- Daar was voorbereiding(10) gemaak dat sekere lede van die geaffilieerdes na UDF toe moet gaan vir opleiding in die opsig van die literatuur en pamphlette, hoe daarmee gewerk word.

HOF : Is dit nou hoe jy 'n pamphlet opstel of hoe jy 'n pamphlet versprei? -- Dit gaan oor die skrywery.

MNR. HANEKOM : Ons sal terugkom op hierdie opleiding. Wat van die verskaffing van publikasies en pamphlette? Wie sou dit verskaf? -- UDF het gehelp met die maak daarvan en die lede van die komitee sou dit dan versprei het.

HOF : As jy sê help, beteken dit help met die opstel van (20) die dokument of beteken dit die duplisering van die dokumente? -- Wat gebeur het, is, ek, die persoon wat dit wil hê, sal dit opstel en vir hulle sê hoe dit geskryf moet word en dan hoe dit moet lees. Daarna sal hulle dit dan gaan maak soos ek dit versoek het.

MNR. HANEKOM : Sal hulle net een voorbeeld maak en moet u dit dan self dupliseer of maak hulle al die pamphlette wat u benodig, die hoeveelheid? -- Hulle maak genoeg van wat ek nodig het.

HOF : En wie versprei dit dan? Kom dit weer terug na die organisasie wat dit self versprei? -- Dit word teruggegee (30) aan my organisasie en dan sal my organisasie dit versprei.

MNR. HANEKOM : Ons is steeds besig met die besprekings in die komiteevergaderings. Was daar op 'n stadium bespreek oor 'n vergadering wat UDF gereel het in Port Elizabeth? -- Ja, dit is so.

Wanneer min of meer was die vergadering beplan? -- Ek kan nie presies onthou wanneer dit was nie, maar as ek reg onthou was dit in die begin van die jaar 1984.

En wat is in u komiteevergaderings daaroor bespreek? -- Wat ons moes gedoen het met betrekking tot daardie vergadering in ons komiteevergadering was om voorbereidings te maak vir(10) 'n persoon wat ons dan daar gaan verteenwoordig.

Het u organisasie uit u eie uit besluit om 'n persoon te stuur of is u versoek om 'n verteenwoordiger te stuur? -- Ons was versoek om 'n verteenwoordiger te stuur.

HOF : Die vergadering is dan 'n vergadering van die UDF Oos-Kaap of is dit 'n vergadering van die UDF landswyd? -- UDF landswyd.

MNR. HANEKOM : Wie het versoek dat u 'n afgevaardigde moet stuur? -- UDF het dit versoek.

En het u vereniging iemand afgevaardig? -- Ja, ons (20) het.

Wie was dit? -- Bavumile Vilakazi.

Beskuldigde nr. 10. Net hy of nog iemand? -- Wat amptelik die reëling was was dat hy alleen sou gaan, maar toe hy weggaan het hy met ene Johnny Motete gegaan.

Wat ook 'n komiteelid was van die organisasie? -- Ja.

Het beskuldigde nr. 10 teruggerapporteer nadat hy die vergadering bygewoon het? -- Ja, hy het.

Wat het hy gerapporteer? -- Sy verslag aan ons was dat die vergadering wat daar gehou was aangaande die referendum (30) aangaande die verkiesing met betrekking tot die Kleurlinge en

Indiërs, was dat daar nie 'n volledige besluit geneem was daar nie. Om daardie rede was dit versoek dat die geaffilieerde van UDF sal moet voortgaan daarmee en sien watter besluit hulle as geaffilieerde kan neem. Na hulle dit gedoen het, sal hulle dit dan aan UDF moet oordra wat se besluit hulle geneem het daaroor.

Het u vereniging so 'n besluit geneem? -- Ja.

Ons, sal 'n bietjie later daarby terugkom. 'n Ander aspek wat bespreek is in die komiteevergadering was die kwessie van die ledetal van VCA, hoe om dit te verhoog? -- Ja, dit is (10) so.

En watter metodes is op besluit om dit te verwesenlik? -- Die maniere of prosedure wat ons gevvolg het om dit te doen was om vergaderings te hou in die huise, met die oog daarop om mense daar bymekaar te kry en hierdie dinge met hulle te bespreek.

Watter dinge? -- Met die oog om meer lede te kry of te werf vir die VCA.

Afgesien van huisvergaderings, watter ander metodes? -- Die volgende metode was ook daar op besluit. Dit was (20) monster vergaderings wat gehou moes word. Dan sou ons daar bespreek het wat gedoen moet word oor die lede wat moet aansluit of gewerf moet word. Nog 'n ding, ons het besluit dat indien moontlik sal ons publikasies uitstuur om die mense daarvan bewus te laat word.

Waarvan wou u die mense bewus laat word? -- Die publikasies was met die oog daarop om die mense bewus te laat word omtrent wat gedoen word en wat gedoen word en wat gebeur.

Het die VCA sulke publikasies uitgestuur? -- Nee, dit was voor ons by daardie punt gekom het. Dit was die beginpunt (30) om dit te doen.

... / Is

Is daar ook in die komiteevergadering besprekings gevoer oor fondse, hoe die vereniging fondse sou bekom? -- Omdat ons besef het dat ons nie geld het nie, het ons 'n besluit geneem dat elkeen van die lede iets moet bydra. Daarna sou ons om hulp gaan vra het van mense wat besighede van hulle eie het. Ons het eintlik ook daaraan gedink dat ons T-hemde moet hê vir VCA wat dan verkoop sal word. Ons het toe ook in gedagte gehad dat ons publikasies sal moet maak wat dan verkoop moet word om geld in te vorder. Deur verkoop van publikasies van ander organisasies met die oog daarop om kommissie daaruit (10) te kry.

Het die vereniging publikasies toe verkoop? -- By elke vergadering wat gehou was, was daar publikasies wat verkoop word.

Is dit die publikasies waarna u gister verwys het "Speak, Working Progress" en dies meer? -- Ja.

Hoe sou die VCA voordeel trek uit die verkoop van ander organisasies se publikasies?

HOF : Hulle kry kommissie.

MNR. HANEKOM : Was daar besprekings gevoer oor 'n embleem (20) vir die VCA? -- Ja, dit is so.

Wat het u in daardie verband bespreek? -- Ons wou 'n embleem gehad het om te gebruik op die "letter-heads" en T-hemde. Daar is van hulle wat ek self gedoen het. Dit wil sê die rowwe werk van die embleem. Ongelukkig was hulle toe nie aanvaar nie. Dit is die rowwe werk wat ek gedoen het, want ek het daaraan gedink om "Vaal Civic Association" te skryf "In Gothic."

Wie was nie tevreden met u voorstelle nie? -- My hand-langer, Esau Raditsela, was toe die persoon wat nie tevreden (30) was met die manier waarop ek dit op rowwe skets geplaas het

... / nie

nie, want hy wou iets gehad het in die lyne, byvoorbeeld waar dit "attractive" is. Byvoorbeeld soos die embleem van UDF of dat dit twee hande moet hê of twee hande wat mekaar vat. Met die gevolg dat daardie bespreking uitgestel was tot 'n latere datum.

Daar is toe nooit 'n embleem aanvaar in hierdie tyd nie. Is dit reg? -- In die tyd wat ek teenwoordig was, was dit nooit gedoen nie.

Dit handel dan die komiteebesprekings af. U het gister getuig dat u een van die UDF algemene raadsvergaderings (10) bygewoon het. Ek wil na daardie vergadering toe kom. -- Ja, dit is so.

Wanneer was hierdie vergadering? -- Ek kan nie die presiese datums onthou nie, maar wat ek wel kan sê, dit was aan die begin van die jaar 1984 om en by Februarie.

HOF : Waar is die vergadering gehou? -- Dit was te Khotso House gehou, bekend as General Council.

MNR. HANEKOM : Dit is in Johannesburg? -- Ja.

Het u alleen die VCA verteenwoordig of nog iemand anders? -- Ons was twee persone gewees, naamlik eksself en Esau (20) Raditsela.

Moes u by die vergadering 'n bywoningsregister teken? -- Ja, dit is so.

Ek wil aan u 'n boek toon waar dit vir my lyk u handtekening voorkom. Ek het 'n potloodkruisie daar gemaak. Sal u net daarna kyk, asseblief? Ek sal hierdie inhandig as 'n nuwe bewyssuk, dit sal weez BEWYSSTUK AAS(1).

MNR. BIZOS STEL VOOR DAT DIE BEWYSSTUKKE IN NUMERIESE VOLGORDE INGEHANDIG WORD.

MNR. HANEKOM : Ek het geen beswaar nie. Ons kan dit dan (30) BEWYSSTUK 26 maak. Blaai net een bladsy terug, dan kyk jy

of jy Esau se handtekening ook daar eien? -- Ek kan dit nie sien hierso nie.

Op die volgende bladsy? Sien u dit daar? -- Ja.

HCF : U eie handtekening is daar en Esau s'n is daar? -- Ja.

Is daar 'n opskrif bo die lys, 'n datum van die vergadering of iets van die aard? -- Ja, hier staan geskryf "General Council 25 February 1984". Waar ek nou Raditsela se naam kry is 14 April.

Mnr. Hanekom, neem die boek terug en kyk of u 'n handtekening van Raditsela kry onder hierdie datum, sodat ons nie (10) 'n verwarring kry nie.

MNR. HANEKOM : Ongelukkig het ons in 'n verwarring ingeloop. Die handtekening wat ek in gedagte gehad het, lyk vir my was 'n vorige vergadering.

HCF : Ek is 'n bietjie verbaas. Daar hoef tog nie op hierdie stadium, nadat ek op 9 September gevra het dat die partye bymekaar kom en 'n ooreenkoms aangaan oor feite wat nie in geskil is nie, 'n geskil te wees oor wie op watter vergadering was nie, as daar 'n bywoningsregister is. Waarom moet ek nou sit en luister na getuienis soos hierdie? Is dit gevra van die (20) verdediging om te erken dat Esau Raditsela op 14 April by so 'n vergadering was en dat hierdie getuie op 25 Februarie 1984 op so 'n vergadering was? Hoekom moet 'n mens die lang pad loop by wyse van 'n bywoningsregister wat 'n bewysstuk moet wees as 'n mens 'n erkenning oor so iets kan kry?

MNR. HANEKOM : Hierdie bewysstuk word nou gebruik op hierdie stadium, maar hy gaan later in die verhoor vir 'n ander doel heeltemal meer ter sprake kom.

HCF : Eersteklas, u handig dit in, maar is daar al ooit gepoog om te vra van die verdediging erken julle dat hierdie man op(30) daardie vergadering was en daardie man op daardie vergadering?

... / MNR. HANEKOM

MNR. HANEKOM : Dit sal gedoen word.

HOE : Ons is nou al hoeveel maande, vanaf 9 September af al aan die gang en is dit nog nie gedoen nie? Ons gaan baie vergaderings hê. Hier is byvoorbeeld vergaderings teen mnr. Lekota beweer, ek dink lyste vol. Is daar al ooit 'n ooreenkoms aangaan oor wie op die vergaderings was? Afgesien van wat hy gesê het, maar is die vraag ooit gestel aan die verdediging erken julle dat hy op die vergadering was?

MNR. HANEKOM : Ek dink daardie spesifieke punt is nog nie opgeklaar nie. (10)

HOE : U weet, ek hou nou aan karring in hierdie saak, elke drie dae ongeveer om te weet waarop ooreengekom is en waarop nie en ek word elke keer gesê nee, wag 'n bietjie, ons wil alles gelyk op ooreenkom. Intussen weet ek nie tot watter mate ek hierdie getuienis maar moet laat loop of watter getuienis is gemeensaak of watter getuienis voor die Hof behoort te kom nie. Intussen moet ek net hier eenvoudig sit en luister na getuienis wat waarskynlik gemeensaak is en ek is nie bereid om dit baie lank meer te verduur nie. Ek wil weet waarna gaan ons in hierdie saak. (20)

MR CHASKALSON : MY Lord, I think I should tell Your Lordship that we of our own initiative are actually going through documents to consider what admissions we can make without having been asked to do so. We have gone a long way through the indictment already in relation to meetings and minutes and opinions, but if My Learned Friend, before he calls a witness, were to say to us will you make admissions in regard to attendances and certain meetings and things like that. We would obviously deal with that in good time and give the answer.

CCURT : When will I have clarity as to what subjects are (30) dealt with in the admissions and what admissions will be made

... / so

so that I can cut this evidence short, if possible?

MR CHASKALSON : Can we tell Your Lordship on Monday? I do not think we will necessarily have time. We perhaps can meet on Friday afternoon and give Your Lordship an answer. I can tell Your Lordship in very general terms now, but I think it will be better if we sat down ... (Court intervenes)

COURT : Let us agree then that on Monday morning I will have a full report on what is to be admitted and what is still in dispute so that I can see which way this evidence is leading.

MR CHASKALSON : I do not think we would be able to give (10) Your Lordship detailed information. There are about 500 pages of averments which we are going through slowly and marking off what we admit and what we deny.

COURT : But in the meantime I have got to listen to evidence which may well be irrelevant should there be an admission, or unnecessary, not necessarily irrelevant.

MR CHASKALSON : If we were informed that we intend to call a witness to establish the following points are there any of these that you want to admit, we can give an answer immediately ad hoc on a small thing like that. (20)

HCF : Yes, thank you. Gaan voort, mnr. Hanekom. Ons kom nou terug na die datum van die vergadering. Die algemene raad se vergadering. Daar is 'n handtekening van uself onder die datum 25 Februarie 1984. Daar is nie 'n handtekening van Esau Raditsela onder daardie datum nie. Is dit korrek? -- Dit is korrek.

MNR. HANEKOM : Het u as afgevaardigde van VCA op hierdie vergadering 'n skriftelike verslag ingedien by die vergadering? -- Ja, dit is so.

Ek wil aan u 'n verslag toon, dit is BEWYSSTUK 0(3). (30)

HOF : Ek dink u moet eers die oorspronklike aan die getuie

... / toon

toon.

MNR. HANEKOM : Die datum bo aan hierdie dokument is 14/1/84. Kan u onthou of u hierdie verslag gedateer 14/1/84 op hierdie algemene raadsvergadering van UDF ingehandig het wat u bygewoon het? -- Hierdie bewysstuk voor my is gemerk 0(3) en die ander blaai is gemerk 0(4). Die verslag wat ek gedoen het is dié wat op 0(4) verskyn, nie op 0(3) nie. Wat ek bedoel is, die verslae is albei deur my gedoen, maar wat betrekking het op hierdie vergadering wat ons van praat, is dié wat ons op BEWYSSTUK C(4) verskyn. (10)

Ons vergeet dan vir 'n oomblik van BEWYSSTUK 0(3) en ons praat net eers van 0(4). U het dit ingehandig by die algemene raadsvergadering? -- Ja, dit is so.

Die opskrif is "Mandate on the Coloured and Indian Referendum"? -- Ja.

Is dit die verslag van die VCA wat u na verwys het u moes opstel nadat beskuldigde nr. 10 teruggerapporteer het van die Port Elizabeth vergadering af? -- Dit is so.

Net so twee aspekte in die verslag. Die eerste paragraaf sê "The VCA advocates a total boycott for the following (20) reasons. This is imposed upon the people by an undemocratic and illegitimate government." Na watter regering verwys u daar? -- Dit is die regering van hierdie land.

Dan in paragraaf 4 "The very referendum will be processed by members of the 'system'". Wat bedoel u met die uitdrukking? -- Daarby bedoel ek dat die referendum is ook nog maar onder die beheer van dieselfde goewernment.

Ons sal later terugkom na BEWYSSTUK 0(3). Het u afgesien van hierdie verslag, die mandaat, 'n ander verslag van VCA ingehandig by hierdie vergadering of was dit net hierdie (30) een oor die mandaat? -- Ja, daar is.

... / Ek

Ek wil net aan u 'n ander dokument wys. Dit is BEWYS-STUK T(19). Kyk net na die oorspronklike. Ek verwys na die handgeskreve dokument van T(19). Is dit hierdie verslag? -- Dit is die verslag, ja.

HOF : Wie het die verslag opgestel? -- Ek het dit opgestel.

MNR. HANEKOM : Is dit ook u handtekening wat onder aan die verslag verskyn? -- Ja, dit is my handtekening, en dié van die sekretaris, Johnny Motete.

In hierdie tipe verslae wat u ingehandig het by die algemene raadsvergadering van UDF, oor watter onderwerpe moes (10) u verslag doen, u as geaffilieerde organisasie? -- Dit is verslae oor wat alreeds gedoen was en wat alreeds besig was om gedoen te word deur ons as 'n organisasie geaffilieer aan UDF.

As u kyk na paragraaf 4 van die verslag, dit is die tweede bladsy. Daar sê u "The VCA invited the Evaton Ratepayers' Association to a meeting as an affiliate of UDF to discuss on our local demand for the million signature campaign." Kan u dit net aan die Hof meer toelig? Wat bedoel u met "our local demand for the million signature campaign"? -- Daar was 'n kampanje gewees van die "million signature" wat die UDF se (20) kampanje was. Ons as geaffilieerde van UDF het ons vorms geneem om hierdie handtekeninge te bekom. Daarop het ons die Evaton Ratepayers' Association genooi omdat hulle ook 'n geaffilieerde is van UDF om bymekaar te kom om die "efforts" bymekaar te kry.

Wat se "efforts"? Wat bedoel u daarby? -- Dat ons bymekaar moet kom en besluite neem oor hoe ons dit gaan doen om hierdie handtekeninge te bekom.

Dan in paragraaf 6 van die verslag sê u "There is a complaint about the UDF not responding properly to invitations." (30) -- Dit is so, ja.

... / Kan

Kan u net daarop uitbrei, wat was die klagte eintlik?

-- Die klagte was daaroor, as ons die vergadering hou, sou ons hierdie lid laat weet het en daarmee verwag ons dat UDF iemand sal stuur na hierdie vergadering. Dit het gebeur soos dit genoem word in daardie selfde paragraaf op die 19de.

Niemand van UDF het die vergadering bygewoon nie. Die klagte was dat as hulle sien dat hulle dit nie kan maak om dit by te woon nie, moet hulle ons vroegtydig of betyds laat weet.

Terwyl u melding gemaak het van die "million signature campaign", u het ook gister daarvan getuig, wil ek aan u (10) BEWYSSTUK AL(34) toon. U het die oorspronklike vorm voor u? -- Ja.

Herken u die vorm? -- Ja.

Is dit die vorms wat gebruik is om die handtekeninge te bekom? -- Dit is die vorms.

U sien daar is net een handtekening op S.J. Mokoena met 'n adres. Ken u so 'n persoon? -- Nee, ek ken nie die persoon nie.

Om dan terug te keer na die vergadering self. Wie van die UDF se beampies was op die vergadering teenwoordig? Kan(20) u onthou?

HOF : Dit is nou die vergadering van die algemene raad op 25 Februarie 1984?

MNR. HANEKOM : Soos die Hof behaag. My Geleerde Vriende sê hulle het nie beswaar daarteen nie. Dit is gemeensaak dat die voorsitter by die vergadering was besuldigde nr. 21. -- Dit is so.

En dan ander beampies van UDF was ene mnr. Shabangu, Curtis Nkondo, die sekretaris van UDF op daardie stadium, Mohammed Valli en Frank Chikane. (30)

HOF : Beteken dit dat dit die totaliteit van die lede op

... / die

die vergadering of noem u net 'n paar van die bestuurslede?

MNR. HANEKOM : Nee, dit was net die bestuurslede. Ek wou dit juis opklaar. Dit was die enigste bestuur van UDF wat aan u bekend was? -- Ja, dit is so.

Kan u 'n skatting waag van hoeveel organisasies, geaffilieerde organisasies verteenwoordig was? -- Ek is nie seker nie. Ek skat dit ongeveer dertig organisasies wat geaffilieer is wat verteenwoordig was.

Afgesien van die verslae wat u ingehandig het, het u ook 'n ander toespraak in die vergadering gelewer of nie? -- Ek (10) het 'n baie kort toespraak daar gelewer.

Waaroer het u gepraat? -- Dit was 'n kort toespraak wat gehandel het oor die besluit van die Vaal Civic Association "It proposes a total boycott of the election of Indians and Coloureds."

Dit sluit dan die vergadering af. Watter van die VCA se komiteelede het die meeste van hierdie algemene raadsvergaderings van UDF bygewoon?

HOF : Net 'n oomblik. Hoe het die onderwerp u in die Vaal Drie-hoek geraak? -- As geaffilieerdes van die UDF was ons versoek(20) om ons gevoelens oor hierdie aangeleentheid bekend te maak. As gevolg waarvan ons toe 'n vergadering van die "interim committee" gehou het waar hierdie besluit toe geneem was, soos dit in die verslag gegee is.

MNR. HANEKOM : Ek het vir u gevra watter van die VCA komiteelede het die meeste van die UDF se algemene raadsvergaderings bygewoon? -- Dit het gewissel. Daar was altyd gekies net voor hierdie vergadering wie sal moet gaan. Byvoorbeeld Esau het dit bygewoon, Thabiso het dit bygewoon en Mike Kgaka het dit ook bygewoon. (30)

Thabiso is beskuldigde nr. 22. In verband met

... / opleidingskursusse

opleidingskursusse wat aangebied was deur UDF. Was u bewus van 'n opleidingskursus wat UDF gereel het wat moes plaasvind te Daleside? Dit is aan die begin van 1984? -- Ja, ek het kennis daarvan gedra.

Wat het u geweet daarvan? -- My vise-voorsitter, Esau Raditsela, het vir my daarvan kom sê dat so 'n seminaar gehou sal word te Daleside.

Waaroer het die seminaar gehandel? -- Hy het gesê dit is 'n seminaar omtrent "leadership".

"Leadership" in 'n spesifieke sfeer of nie? -- Nee. Al(10) wat hy gesê het is dat die seminaar wat gehou gaan word, aangaande die "leadership" is.

Het hy gesê wie die seminaar sou aanbied? -- Hy het gesê dit is georganiseer deur UDF.

Het u vir enige mense na die seminaar gestuur? -- Nie ekself nie. Wat ek sal sê is, ek het nie geweet wanneer presies die seminaar was nie. Met die gevolg is dat ek eers later verneem het dat die mense alreeds daar was. Dit wil sê hulle het alreeds die seminaar bygewoon.

Was dit lede van u vereniging, van Vaal Civic Association? -- Ja.

Wie van die vereniging was daar? -- Wat ek onthou is dat hy vir my gesê het dat hy en Sam Matlolle die seminaar bygewoon het. Wie almal nog by was, kan ek nie meer onthou nie.

Sam Matlolle is beskuldigde nr. 17? -- Dit is so.

Dan by 'n ander geleentheid, is dit reg, het u enige kennisgewing gekry oor 'n opleidingskursus in die druk en opstel van pamphlette? -- Ja.

Wat sou die kursus behels, wie het dit aangebied en wanneer was dit? -- Dit sou oor die opleiding gegaan het van druk- (30) werk van pamphlette en die persone wat daaroor voorbereidings

... / gedoen

gedoen het, was UDF en MARS.

MARS, dit staan vir Media and Research Services? -- Ja,
dit is reg.

HOF : Is MARS deel van UDF of is dit heeltemal iets anders
as UDF? -- Ek kan nie met sekerheid sê wat die posisie is nie.

MNR. HANEKOM : Het u vir enige mense gestuur na die kursus?
-- Ja. Ons het ooreengekom oor twee persone wat dit moes
bygewoon het, naamlik Bavumile Vilakazi.

Beskuldigde nr. 10. -- En Thembekile Sahluko.

Het hulle dit inderdaad bygewoon? -- Ja, hulle het. (10)

Het hulle na die kursus terugrapporteer? -- Dit kan wees.
Ek dra geen kennis daarvan nie. Die rede daarvoor is dat ek
in daardie tydperk nie vergaderings bygewoon het vir 'n sekere
tyd nie. Dit is verskillende vergaderings, natuurlik.

Is die posisie dat u op 'n stadium onaktief geraak het in
die vereniging? -- Dit is so.

Op watter stadium het dit gebeur? -- Dit kan wees die
begin van Maart of gedurende Maartmaand 1984.

Het u steeds voorsitter gebly van VCA of nie meer nie?

HOF : Kan ek net dit vra. Het u onaktief gebly of was u (20)
vir 'n maand onaktief en het toe weer aktief geraak? -- Van
daardie tyd af het ek onaktief geraak.

MNR. HANEKOM : Wat was die rede daarvoor? -- Die rede is dat
gedurende die tydperk wat ek 'n voorsitter was van VCA, ter-
selfdertyd was ek in diens as 'n onderwyser te Vanderbijlpark.
Op 20 Februarie is ek toe afgedank van my werk. Met die gevolg
dat ek sedertdien probeer werk kry het en gekyk het of ek by
'n ander plek in diens geneem kan word.

Is dit die enigste rede of was daar ook 'n bykomende rede
hoekom u onaktief begin raak het? -- 'n Bykomende rede was (30)
dat ek en my assistent het nie goed oor die weg gekom in

... / hierdie

hierdie verband nie.

Verwys u nou na Esau Raditsela? -- Ja.

Wat was die moeilikheid tussen u? -- Die eerste ding is dit wat ek gister van melding gemaak het, dat ons verskil het op hierdie punt. Ek het aan hom voorgestel "Kyk, aangesien die raadslede die mense is wat veroorsaak dat ons so baie probleme het, is ons verplig om hulle uit te daag, dat ons met hulle hieroor kan praat." Nog 'n ding was, die meeste van die tyd as ek met hom praat het hy die woord baie gebruik, dat hy is 'n man wat "action" wil hê. Ek het myself gebind aan (10) hierdie ding dat ons met mekaar moet praat.

Het hy uitgebrei op wat se aksie hy wil hê? -- Hy het nie uitgebrei nie. Hy het ook nie verduidelik wat hy daaromtrent bedoel nie, maar wat hy wel gesê het is dat ek is stadig.

Het u uit die gesprekke met hom verstaan wat hy bedoel? -- Ja, hier en daar het ek so 'n bietjie verstaan wat hy daarby bedoel het.

Wat het u verstaan? -- Soos ek sê ek het gesê "Kyk, my gevoel is dat ons met mekaar moet praat." Hy was nie daarvoor te vinde nie. Hy het nie sy goedkeuring daaraan verleen (20) nie. Tweedens, elke keer wat ons 'n vergadering hou, kry ons nog klagtes van die gemeenskap en daar word niks gedoen daaromtrent nie, omrede ons nie die mense genader het, dit wil sê die raadslede, om die mense se probleme het hulle te gaan bespreek nie.

Het u die spesifieke probleem, dat u klagtes van die mense kry en dit dan nie verder neem nie, met Esau bespreek? -- Ja, ek het.

HOF : As u praat van "action", dit beteken handeling neem ek aan. Watter soort handeling? -- Hy het nie aan my ver- (30) duidelik wat hy daarby bedoel nie, maar hy was, sal ek sê,

... / geneig

geneig om daardie woord te gebruik elke keer as hy praat.

MNR. HANEKOM : Het u hierdie spesifieke probleem wat ek aan u genoem het, met Esau bespreek? -- Ja, ek het.

En wat was sy kommentaar daarop? -- Sy kommentaar daarop was dat as ons hierdie mense gaan nader, dit is die raadslede, sal dit beteken dat ons hulle aanvaar en ons gee hulle "credibility".

Nadat u nou nie meer aktief was in die vereniging nie, wie het toe in effek die vereniging gedryf?

HCF: Soos 'n donkie? (10)

MNR. HANEKOM : 'n Beterwoord sal seker wees bestuur. -- Ek vermoed hy is die persoon wat dan voortgegaan het, want hy was my handlanger.

Het dit net 'n vermoede gebly of het u bevestiging daarvan ontvang? -- Nee, ek is nie in staat om te sê dat ek dit wel so vasgestel het dat hy nou oorgeneem het nie.

Terwyl ons met Esau Raditsela besig is, is daar net 'n paar ander aspekte wat ek vir u wil vra oor hom. Aan die begin van u samesyn van begin 1983 af tot hier aan die begin 1984 het u dikwels besoek afgelê by Esau se huis. Is dit reg? (20) -- Ja, ons het mekaar geken lank voor daardie tydperk.

Wat het u by geleentheid aangetref in Esau se huis as u om en by 19h00 in die aand daar was? -- Meeste van die tyd het hy geluister na Radio Freedom.

Weet u wat is Radio Freedom? -- Ja, ek weet.

Wat is dit? -- Dit is 'n radio-uitsendingstasie van Lusaka en die meeste van hulle se nuus is oor die ANC of het betrekking op die ANC.

Het u self ook geluister na uitsendings van Radio Freedom? -- Ja, dit is so. (30)

Het u geweet op watter frekwensie om dit op te vang? --

... / Ek

Ek het nie geweet watter frekwensie dit was nie, maar dit gebeur partykeer as 'n mens 'n radio aansit, dan kry jy net 'n stasie wat besig is met 'n uitsending en dan weet jy nie eers watter stasie dit is nie.

Het u die frekwensies bekom op 'n stadium? -- Ja, ek het hulle gehad na Esau dit vir my neergeskryf het.

Terwyl Esau geluister het na die uitsendings, het hy kommentaar gelewer op die uitsendings of nie? -- Ja, hy het.

Wat se tipe kommentaar?

MNR. CHASKALSON MAAK BESWAAR TEEN HOORSEGETUIENIS. (10)

COURT : Are we not interested to see what persons are in charge of the VCA and where their sympathies lie? When we start interpreting the resolutions they took at the VCA and the point of view they held at the general meetings?

MR CHASKALSON : Perhaps we would better hear what the answer is. I am not sure, without knowing what the answer is, whether the statement is admissible or is not admissible.

MNR. HANEKOM : Gaan voort, asseblief? -- Dit was 'n kwessie van luister na die nuus wat daar gesê word en dan kommentaar daaromtrent te lewer oor wat gesê is in die uitsending. (20) Byvoorbeeld deur te sê daar is 'n voortgang (die woord gebruik deur die getuie is dubbelsinnig in die sin dat daar 'n voortgang is van die ANC of daar is 'n goeie vordering van die ANC as gevolg van hierdie verklaring uit die uitsending).

Kan u miskien 'n Engelse woord gebruik om te verduidelik wat u wil sê? -- It was actually general comments from the broadcast and that they report progress, they report their achievements.

Die vraag is, wat was Esau se kommentaar dan daarop? -- His comments were generally an acceptance of the broadcast. (30)

Was u en Esau alleen in sy huis wanneer die uitsendings

... / gehoor

gehoor was of nie? -- Dit het afgehang van wie ek saam met hom in daardie huis kry. Meeste van die tyd was hy natuurlik saam met sy vrou.

Dorcus? -- Ja.

Was daar ooit geleenthede dat ander komiteelede behalwe u en Esau self daar teenwoordig was as die uitsendings gehoor was? -- Dit sal ek nie kan sê nie, want dit was nie 'n kwessie wat eintlik die komitee geraak het nie. Dit is 'n kwessie van daar is ek by die man en die radio is aangesit en ons luister na die ding. (10)

Is daar oor Radio Freedom liedjies gesing? -- Ja.

Is dit liedjies wat u geëien het? -- Ja, daar is van die Freedom songs wat 'n mens gewoonlik hoor by die vergaderings.

Het u van daardie Freedom songs inderdaad by vergaderings gehoor? -- Ja, ek het.

By watter vergadering? -- Ek kan nie 'n spesifieke vergadering noem nie, want dit is maar die gewoonte dat daar by vergaderings gesing word.

Is daar byvoorbeeld gesing by die vyf openbare vergaderings van VCA wat u gister oor getuig het? -- Daar word gesing, (20) soos ek alreeds gesê het, dit is 'n gewoonte dat daar gesing word.

Kan u dit net opklaar. U sê daar word gesing by die vergaderings. Dit is nou nie duidelik nie. Wat word gesing by die vergaderings? -- Die liedere bekend as Freedom Songs word daar gesing.

HOF : Wat u ook oor die radio gehoor het, by Radio Freedom? -- Dit is so, ja.

MNR, HANEKOM : Dan 'n ander aspek van Esau. Het u soms in die tyd wat u hom geken het vanaf begin 1983 tot begin 1984 (30) saam met hom in sy motor gery? -- Ja, dit is so.

Het hy by geleentheid in sy motor 'n kasset of cassette gespeel? -- Ja, dit is so.

Waارoor het dit gehandel? -- Hy het cassette daar gespeel van al die soorte, maar daar was 'n spesifieke een wat ons na geluister het, van 'n toespraak van Oliver Tambo, die president van die ANC.

Het u net na een so 'n kasset geluister by Esau of was daar meerderes van hulle? -- Dit is net een.

Kan u onthou in bres trekke waارoor die toespraak van mnr. Oliver Tambo geaan het? -- Ek sal nie alles kan (10) onthou wat in daardie kasset vervat is nie, dit wil sê in die toespraak, alhoewel ek kan onthou dat hy melding gemaak het van mevrou Mahlangu wat gekies was as "Woman of the Year".

HOF : Wie is mev. Mahlangu? -- Dit is die moeder van ene Solomon Mahlangu.

MNR. HANEKOM : Wie is Solomon Mahlangu? -- Solomon Mahlangu is 'n jong mannetjie van Pretoria wat ter dood veroordeel was in die verlede.

Waarvoor? -- Vir sy betrokkenheid in 'n terroriste-klagte.

Is daar nog iets wat u onthou uit die toespraak of is (20) dit al? -- Nee, dit is al. Verder was daar net liedere wat gesing was.

Wat se liedere? -- Soos ek alreeds gesê het, Freedom songs.

Het u die kasset net by een geleentheid gehoor by Esau of by meer as een geleentheid? -- As my geheue my nie in die steek laat nie, was dit op twee geleenthede.

By die twee geleenthede was dit u en Esau alleen in sy motor of was daar ook passasiers? -- Die een keer was dit net ek en Esau en die ander keer was dit ek, Esau en Edith Lethlake.

Het u in die week van 27 tot 31 Augustus 1984, in daardie(30) week bewus geword van 'n vergadering wat te Small Farms in die

... / Katolieke

Katolieke Kerk gehou was op 26 Augustus 1984? -- Ja, ek het daarvan gelees in die koerant.

HCF : Is dit nou voor of na die vergadering wat u daarvan bewus geword het? -- Dit is voor die vergadering.

MNR. HANEKOM : Het u ook van iemand anders gehoor van die vergadering daarna? -- Ja, ek het gehoor terwyl daarvan gepraat was, "from general talks".

Het u gehoor wat besluit was op die vergadering? -- Ek kan nie meer onthou of dit besluit was in hierdie betrokke vergadering waarvan ek nou praat, al dan nie, maar ... (Hof (10) kom tussenbei)

HOE : Hoe is dit ter sake wat hy gehoor het op 'n vergadering wat hy nie bygewoon het nie?

MNR. HANEKOM : Ek het gedink dit kan ter sake word vir die volgende aspek, maar ek sal dit dan op 'n ander manier hanteer. Ek gaan nie voort met die vraag nie.

Het u weer besoek van Esau ontvang op 1 September 1984, 'n Saterdag? -- Ja, dit is so.

Wat het hy u toe meegedeel? -- Hy het vir my kom sê van 'n vergadering wat op die 1ste, die Sondag, gehou sal word .. (20) (Hof kom tussenbei)

HCF : Die Saterdag of die Sondag?

MNR. HANEKOM : Die Saterdag was die 1ste? -- Die 2de.

Die Sondag? -- Die Sondag, wat dan gehou sou word by die Rooms-Katolieke Kerk te Small Farms. Hy het toe vir my kom sê die vergadering was die voorbereiding vir die marsjering op 3 September.

Het hy vir u gesê wie die vergadering van die 2de gereel het? -- Ja, hy het aan my gesê dit word georganiseer deur die Civic Association. (30)

Watter Civic Association? -- Vaal Civic Association.

... / Het

Het Esau u gevra om die vergadering van 3 September by te woon? -- Dit is so, ja.

Wat was u houding? -- Daar was sekere punte waar ek en hy nie ooreengekom het nie, waar ons verskil het. In die eerste plek oor die vorige vergadering wat hy geroep het en hy het my nie daarvan kom sê nie. Ek het geen kennis daarvan gedra nie. Nog 'n ding, op twee geleenthede was my naam in die koe-rante gewees dat ek daar 'n hoofspreker gaan wees van 'n vergadering, terwyl ek en hy nog nie ontmoet het en dit bespreek het nie. Ek het toe gevind dat hierdie vergadering waarvoor hy(10) my nooi om by te woon, is alreeds voorberei. Daar is sekere voorbereidings alreeds gedoen en die stappe wat alreeds geneem was aangaande hierdie vergadering. Sekere dinge wat die vergaderings se gedeeltes gevorm het waarop hulle alreeds besluit het, waarvan ek nie geweet het nie. Ek wou dit nie aanvaar nie en ek het dit 'n bietjie moeilik gevind vir myself om betrokke te raak by die hele aangeleentheid. Byvoorbeeld, hulle het alreeds voorbereidings getref vir 'n marsjering van die 3de, 'n ding wat ek geen kennis van gedra het nie. Toe ons daaroor gepraat het en dit bespreek het, ek en hy, het (20) ek nie saamgestem nie. Ek was teen daardie gedagte in die sin dat ek geweet het as dit 'n marsjering is met duisende mense wat marsjeer in die straat, sal die moontlikheid kom dat ons die polisie mag raakloop en dan gaan daar moeilikheid kom. Om daardie rede kon ek en hy nie ooreenkomm omtrent hierdie vergadering nie.

Hoe het hy sy standpunt dat die optog moes plaasvind verdedig? Wat het hy gesê? -- Hy het gesê "it will be a peaceful march." Toe het hy verder gesê hy voorsien geen moeilikheid wat as gevolg daarvan kan uitbreek nie. (30)

Toe u vir hom sê u stem nie daarmee saam nie, u het 'n

... / ander

ander sienswyse daaroor, wat was sy reaksie? -- Daar was niks anders wat hy kon gedoen het nie, want dit was alreeds so gereel.

Het hy by daardie geleentheid, hierdie gesprek wat u en hy gevoer het, iets gesê oor raadslede? -- Ja. Hy het gesê die optog wat hy van praat wat hulle alreeds gereel het - hulle moet die raadslede sowel as die administrasieraad gaan ontmoet te Houtkop. Na aanleiding waarvan ek toe vir hom gevra het "Het julle die mense laat weet dat hulle daar moet wees?" Daar was hierdie woord wat mense gewoonlik gebruik het deur (10) te sê Gabashwe. Dit is een van die woorde wat hy gebruik het. Op daardie stadium daar het hy hierdie betrokke woord gebruik. Ek sal nie kan sê in watter opsig of wat die bedoeling presies was van daardie woord toe hy dit daar gebruik het op daardie stadium nie.

Kan u vir die Hof in Engels sê wat die woord beteken? -- "Let them die."

K98 Na wie het hy verwys? Ten opsigte van wie? -- Dit is terwyl ons gepraat het van die raadslede.

Het u hom uitgevra oor die aspek of nie? -- In ons (20) gesprek daar het hy gesê as hierdie mense nie bereid is om die werk te bedank of om die mense daar te ontmoet nie, sal hulle maar moet toesien wat gaan gebeur, waarvoor hulle sal moet staan, sonder om te verduidelik wat dan gedoen sal word oor wat en wie.

Het Esau op daardie geleentheid iets gesê oor deelname van studente aan die optog? -- Ja, hy het vir my gesê hierdie dag sal die skoolkinders ook nie skool toe gaan nie. Selfs mense sal nie werk toe gaan nie. Die mense sal bymekaar moet kom om hierdie optog by te woon. (30)

Die vraag is eintlik, het hy vir u iets gesê oor die

... / deelname

deelname aan die optog self? -- Ja, dat die studente ook teenwoordig gaan wees in die optog.

HOF : Is dit nou die skoliere of studente?

MNR. HANEKOM : Ek sal dit opklaar. Het hy gesê watter studente?
-- Nee.

HOF : Onderskei u tussen "scholars" en "students"? -- Ja.

Wat het hy bedoel? -- In hierdie sin het hy gepraat van die skoliere wat nie skool toe sal gaan nie, maar die optog sal bywoon.

MNR. HANEKOM : Het hy in daardie verband verwys na enige (10) organisasie of nie? -- 'n Organisasie wat te doene gehad het met die skoliere was die COSAS gewees. Hy het toe verder gesê dat hulle is nou gereed van hulle kant af. Dit is die COSAS se kant.

Het hy daarop uitgebrei of nie? -- Nee.

Het u toe die vergadering van 2 September 1984 bygewoon of nie? -- Nee, ek het dit nie bygewoon nie.

Was u op 3 September, die Maandagoggend, by u woning in Evaton? -- Ja, ek was.

Vertel asseblief vir die Hof wat het u waargeneem daar-(20) die dag van 3 September? Wat het gebeur? -- Die Maandagmôre was ek tuis gewees, dit was 3 September. Omtrent tussen 09h00 en 10h00 daardie môre is ek toe omtrent drie strate weg van my woning af na my neef toe wat daar woonagtig is, naamlik Michael Ntuli. Ek het daar vir omtrent twee ure vertoeuf. Terwyl ek daar was, het daar 'n hele klomp mense opgekom, waarvan die meerderheid jong mense was.

As u sê opgekom, van waar en waarheen? -- Along the main road from west to east.

Is dit die hoofstraat van Evaton? -- In Adams Road, die (30) hoofstraat van Evaton. Daar naby is daar 'n biersaal, waar

... / hulle

hulle met klippe bestook het en toe verby is. Die mense het verder opgegaan. Ek kon nie verder sien wat verder gebeur het na hierdie biersaal nie. Ek het gesien die mense staan in die nabijheid van 'n biblioteek. Hulle is toe verby in die rigting van een van die raadslede se woning, naamlik Dutch Liphoko. Daarna is ek weg en is terug na my woning toe.

Was dit net een groep wat u deurgaans sien beweeg het of het die groep aangegroei soos die optog gevorder het?

HOE : Ons het nog nie behoor van 'n optog nie. Ons het gehoor van 'n groep mense. 'n Groep mense is nie 'n optog nie. Jy (10) moenie woorde in die getuie se mond lê nie. Vra hom of dit 'n optog was, dan weet ons of dit 'n optog was.

MNR. HANEKOM : U sê mense het aangekom? Hoe sou u dit beskryf, die mense wat aangekom het? -- Dit was 'n hele klomp mense wat in die straat gehardloop het.

Het hulle 'n groep gevorm of het hulle rond en bont gehardloop? -- Nee, hulle het orals daar rond en bont gehardloop, nie in 'n groep nie.

U is toe na u eie huis toe terug. Is dit reg? -- Ja, ek is terug na my woning toe. Met my aankoms daar - ek en (20) Liphoko woon in dieselfde straat, dit is die raadslid Liphoko terwyl ek tuis was, was daar 'n groot geraas gewees in die rigting van waar Liphoko woon in hierdie straat. 'n Rukkie na die geraas begin het, was daar skote afgevuur, as gevolg waarvan ek toe besluit het om in die kerkgebou in te gaan wat baie hoog is. "It is in fact three storeys high."

GETUIE STAAN AF.

HOE VERDAAG.

HOE HERVAT.

LORD ELDORADO RIGHTEOUSNESS McCAMEL, nog onder eed

HOE : Gaan u vir ons inlig, mnr. Hanekom, presies waar die(30) kerk staan?

... / ONDERVRAGING

ONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM (vervolg) : Net voordat ons voortgaan met u getuienis wil ek aan u 'n kaart toon van Evaton. Hier is twee punte uitgemerk op die kaart wat ek aan u gaan toon. 10 en 11.

HCF : Watter kaart toon u? Een wat ons nog nie het nie?

MNR. HANEKOM : Een wat u nog nie het nie. Op een wat u het maar waarop daar nog nie punte aangeteken is nie.

HOF : As u die getuie gaan laat getuig oor 'n lugfoto - dit is nie 'n kaart nie, dit is 'n lugfoto - dan wil ons 'n amptelike lugfoto hê en dit sal myne wees waar ons die punte aanteken(10) waарoor hy getuig, dat daar nie weer 'n verwarring later kan kom as ons die punte gaan verander nie. So, as u die getuie wil laat getuig oor 'n lugfoto, kan u myne gebruik, dan kan hy daarop 'n kruisie trek en dan kan ons dit later 'n nommer gee en op rekord stel, maar ons moenie verwarring kry nie.

MNR. HANEKOM : Die twee punte waарoor ek hom gaan laat getuig is waar sy eie kerk is en waar Liphoko se huis was. Ek het dit met My Geleerde Vriende bespreek. Hulle sê hulle erken dit. Dit is op ons kaart aangedui. Op ons foto. Kan ek net vra dat u dit op u foto aandui. (20)

HOF : U kan dit maar op my foto aandui.

MR BIZOS : If we may assist. There is no dispute about these two points.

COURT : What numbers are they going to have eventually, because we might as well give them the same number.

MR BIZOS : 10 and 11.

CCURT : What is 10 going to be and what is 11 going to be?

MNR. HANEKOM : 10 Sal wees die getuie se woning en kerk en 11 is raadslid Liphoko se woning en ook sy besigheid. Dit is op dieselfde perseel. (30)

HCF : Laat die foto gegee word aan die getuie, dat hy net daarna

... / kyk

kyk. Nr. 10 is u huis en kerk en nr. 11 is Liphoko se huis en besigheid. Is dit korrek? -- Ja, dit is so.

MNR. HANEKOM : Dit is dan op die foto BEWYSSTUK AAR(1).

U het laas getuig dat u in die hoë kerkgebou van u ingegaan het? -- Ja.

Wat het u van daar waargeneem? -- Ek het baie mense gesien in die nabijheid van Liphoko se plek. As gevolg van die distansie wat ek was, was ek nie in staat om presies te sien wat daar gebeur het nie.

Kon u enige afleiding maak van wat besig was om daar (10) te gebeur? Het u iets gesien wat u 'n afleiding laat maak het wat besig was om te gebeur? -- Ek het net die beweging van persone daar gesien. Wat daar aangegaan het, kon ek nie sien nie.

Het u enige rook gesien? -- Nee, ek het geen rook gesien nie.

Terwyl u in u kerk was, het u 'n besoek ontvang van 'n persoon? -- Ja, dit is so.

Wie was dit? -- Mnr. Tom Manthata in die geselskap van nog 'n persoon, 'n vreemdeling. (20)

Beskuldigde nr. 16. Was dit terwyl u nog gekyk het wat aan die gang was by Liphoko se huis? -- Ja, dit is so.

Wat het beskuldigde nr. 16 u meegedeel? -- Met sy aankoms by my het hy gesê dat hulle oor die radio gehoor het dat daar iets gebeur het in daardie omgewing, as gevolg waarvan biskop Tutu hom toe gestuur het om te kom sien wat gebeur het, wat is aan die gang.

Het daar 'n verdere gesprek tussen u plaasgevind? -- Ja. Ek het aan hom verduidelik wat ek gesien het. Na dit is hy toe weg. (30)

Het u verduidelik wat u daardie dag, die dag van 3 September

... / waargeneem

waargeneem het? -- Ja, dit is so.

Hoe lank het hy by u vertoeft omstreng? -- Dit was nie lank wat hy daar vertoeft het nie. Ek skat dit ongeveer tien minute.

Watter tyd van die dag was dit? -- Ek sal nie presies kan sê hoe laat dit was nie, maar dit was vroeg in die middag gewees.

Het u die res van daardie dag, Maandag 3 September, by u woning deurgebring? -- Ja, dit is so.

Die volgende dag, Dinsdag, 4 September 1984, het u op (10) die middag besoek ontvang van Esau Raditsela? -- Ja.

Wat het hy vir u kom sê? -- Hy het vir my kom sê dat eerwaarde Frank Chikane ons graag wil sien.

Bedoelende wie, as hy sê hy wil julle sien? -- Die lede van die VCA het hy bedoel.

HOE : Van die VCA se komitee of die hele VCA? -- Die komitee.

MNR. HANEKOM : Het u toe saam met Esau vertrek? -- Ja, ek het.

Wie was almal in u geselskap? -- Ek, Esau Raditsela, Sam Matlole.

Beskuldigde nr. 17. -- Edith Lethlake en Johannes (20) Sithole.

Was hy 'n komiteelid van VCA? -- Nee.

Waarom het Sithole saamgegaan? -- Ek weet nie, want toe hulle by my opgedaag het, was hy alreeds in hulle geselskap gewees.

Waarheen het u groep toe gegaan? -- Ons is na Johannesburg toe, Khotso House.

Wie het u daar gesien? -- Ons het eers ene mev. Sophie Mazibuko gesien.

Wie is sy? -- Sy is van die Dependence Conference van (30) die SACC.

... / Die

Die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke. -- Tesame met mnr. Tom Manthata.

Beskuldigde nr. 16. -- Sowel as biskop Desmond Tutu.

Wat het daar gebeur? -- Dit was net om hulle in te lig oor wat gebeur het daar in die Vaal.

Wie het vir u gevra om ingelig te word? -- Biskop Tutu wou graag geweet het wat gebeur het.

En wie het vir biskop Tutu ingelig oor die gebeure? -- Ons wat daar was het hom toe ingelig oor wat daar plaasgevind het. (10)

Wie het gepraat? -- Ek het gepraat byvoorbeeld. Raditsela het ook gepraat.

Het biskop Tutu enige versoekie gerig of u enige opdragte gegee? -- Biskop Tutu wou van ons geweet het wat ons gevoel is as hy 'n vergadering kan reël tussen ons en dr. Koornhof, sodat ons met hom kon praat, veral oor hierdie huurgelde wat verhoog word, want dit was eintlik die hoofrede wat die begin van al hierdie gebeure was, waarop ons toe op daardie stadium besluit het dat dit nie sal uitwerk op hierdie stadium nie, omdat ons nie geweet het wat alles sal gebeur of wat die (20) einde van die hele ding sal wees nie, want dit was nog deurmekaar gewees in die Vaal.

Kan u nog onthou, die dele wat Esau Raditsela verslag gedoen het oor die gebeure aan die biskop in die Vaal, wat die inhoud van sy verslag was? -- Ek kan nie spesifiek onthou wat hy gesê het nie. Al wat ek kan sê is dat oor die algemeen was daar 'n verslag gedoen aan hom oor wat gebeur het daar.

Kan u in hooftrekke sê wat die verslag behels het, wat u afvaardiging se verslag behels het? -- Soos ek alreeds gesê het ons het oor die gebeure gepraat te Vaal Driehoek. (30) Byvoorbeeld, daar is mense wat beseer is, daar is mense wat

... / oorlede

oorlede is, daar is mense wat in hegtenis geneem is.

Het u as afvaardiging van die Vaal Civic Association gesê wat u dink die oorsaak was van die gebeure? -- Ek het alreeds gesê dat die oorsaak hiervan was as gevolg van die klagtes deur die gemeenskap oor die handelinge van die raadslede. Hulle, die raadslede is die oorsaak en die manier waarop hulle die mense behandel, was ook eintlik een van die oorsake.

Is u groep van Vaal Civic Association van Khotso House af na 'n ander kantoor toe? -- Ja, ons is na die kantoor (10) van eerwaarde Frank Chikane te Braamfontein.

Het u daar samesprekings gevoer? -- Ja, dit is so.

Met wie? -- Eerwaarde Frank Chikane was teenwoordig, Mathison Morobe, Saloojee. Daar was nog ander persone ook teenwoordig, maar ek kan nie onthou wie hulle was nie. Die lede van die UDF van die Indiërs.

Is dit die mense wat u sê u weet nie wie was hulle nie?
-- Ja, dit is so.

Waарoor het die bespreking daar gegaan? -- Dit was ook om hulle in te lig aangaande die gebeure te Vaal Driehoek. (20)

Wat nog? -- Ons het ook daar gesprek oor die hulp wat die mense kan ontvang van die organisasie van Health Workers en die nodige hulp aangaande prokureurs.

Wat se organisasie is die Health Workers? Het u geweet?
-- Nee, ek het nie geweet nie.

Wat se tipe hulp is bespreek wat hulle verleen? -- Die moeilikheid wat ons daar gehad het, was dat die meeste van die mense bang was om na die Sebokeng se hospitaal toe te gaan, want die polisie het hulle daar by die hospitaal loop haal, as gevolg waarvan ons toe besluit het ons moet 'n ander uit- (30) weg kry om mense te help. Dit is die mense wat nie hospitaal ... / toe

toe kan gaan nie.

Is daar besluit dat die Health Workers sou mediese dienste verskaf? -- Dit is so.

En wat is bespreek in verband met hulp van prokureurs?

-- Dit was besluit dat as daar mense is wat hulp nodig het aangaande prokureurs, sal ons die name en adresse van die persone kry en dan later daardie persone verwys na die volgende persone: Ismail Ayob en/of Priscilla Jana.

Wat was nog bespreek by die byeenkoms? -- Wat ons nog daar bespreek het was dat die meeste van die skade gerig (10) was op die persele van die Indiërs, byvoorbeeld hulle winkels en wonings, as gevolg waarvan ons dit toe nodig geag het om 'n vergadering te hou met die besigheidsmanne van die Indiërs om dit te bespreek, om hulle te oorreed dat dit nie eintlik op hulle gemik was nie, maar dit was per abuis dat dit nou op hulle afgekom het.

Is daar nog 'n onderwerp aangeroer? -- Ons het toe verder besluit dat dit nodig gaan wees dat ons nie moet los dat die mense nie weet wat gebeur nie. Dit was toe nodig gevind dat daar 'n pamflet gemaak moet word, wat dan die volgende moet (20) bevat "It must show our sympathy to those who lost relatives and property." Dit moet verder in hierdie pamflet genoem word dat dit nie beteken dat ons gaan ophou met die eise wat ons wou gehad het wat tot hierdie ding geleid het met die raad nie, byvoorbeeld die vermindering van huurgelde en dat die raadslede moet bedank.

Is daar daar en dan 'n plakkaat saamgestel?

HOF : 'n Pamflet?

MNR. HANEKOM : Ek sal die getuie vra. Is daar 'n pamflet of 'n plakkaat saamgestel? -- 'n Pamflet. (30)

Is daar een saamgestel? -- Dit was oorgelaat in die hande

... / van

van Sam Matlole.

Beskuldigde nr. 17. -- En Edith Lethlake as persone wat dan daarna sal kyk om dit op te stel, want ek en Esau Raditsela het hulle toe daar agtergelaat in die vertrek en na 'n ander een toe gegaan, ook in die nabyheid om met die nuus of die koerantmense van London te gaan praat.

HOF: Van oorsee? -- Ja.

MNR. HANEKOM : Wie het gereel dat u na hierdie vertrek moet gaan om die mense te gaan ontmoet? -- Ek dink dit was alreeds vroeër gereel, want al wat gebeur het daar is dat ons net (10) in kennis gestel was dat daar nuismense was van oorsee, London wat ons moet gaan spreek hier langsaan.

Wie het u so in kennis gestel? -- Dit is een van die twee, Frank of Mathison Morobe.

Het u toe die pers te woord gestaan? -- Ja.

En toe die persononderhoud klaar was, wat het u toe gedoen? -- Ons is toe daar uitmekaar uit.

Wat het van die pamphlet geword waaraan gewerk is? -- Die pamphlet sou hulle daar voorberei het en dan sou dit later gebring geword het. (20)

HOF : Was dit net oorsese koerantmense, nie plaaslike koerantmense nie? -- Nee, daar was geen van plaaslik nie.

MNR. HANEKOM : Wat was die reëlings nadat u uiteen is, wie sou die pamphlet voorberei en druk? -- Dit was oorgelaat in die hande van die UDF.

Het u ooit op 'n later stadium die pamphlet te siene gekry? -- Ek het net gehoor dat die pamphlette daar gekom het, maar ek het dit nie gesien nie.

Ek wil aan u 'n pamphlet toon, dit is BEWYSSTUK AN15(3). U Edele sal sien op die afdruk is agter 'n Engelse vertaling. (30) Ek het dit met My Geleerde Vriende bespreek. Hulle sê daar

... / is

is een of twee woorde waarmee hulle nie saamstem nie, maar hulle gaan dit nie betwiss nie. Hulle aanvaar hierdie vertaling. Het u ooit die pamphlet in die vorm waarin u dit nou sien, gesien? -- Nee.

En as u kyk na die inhoud van die pamphlet, lyk dit vir u bekend? -- Nee, ek ken nie hierdie pamphlet nie.

As u kyk na die inhoud van die pamphlet, stem dit ooreen met wat u die dag daar bespreek het die pamphlet moes bevat of nie? -- Die een wat ek van gepraat het, moes die inligting bevat het, byvoorbeeld die simpatie van die mense vir diegene (10) wat familielede verloor het en wat die skade gely het. Dit word nie hier bevat nie.

En die res van die inhoud van die pamphlet? -- Ek het alreeds gesê ek ken nie hierdie pamphlet nie.

Nee, maar ek praat van die bespreking wat die dag daar gevoer is oor wat die inhoud van die pamphlet moet wees? -- Nee, dit is nie hierdie pamphlet nie.

Wie het hierdie pamphlet uitgereik? -- Vaal Civic Association.

En die adres wat onder aangegee word waar staan "Issued (20) by Vaal Civic Association, P.O. Box 1980, Residensia" wie se adres is dit? -- As 'n mens nou daarna kyk, daardie 1980 wat daar geskryf staan as 'n posbusnommer, is 'n poskode. Daar is van die pamphlette waar my adres gebruik was "P.O. Box 280, Residensia."

HOF : Het die VCA 'n aparte posbus gehad? -- Nee, hulle het my posbus gebruik.

MNR. HANEKOM : Die klein embleem op die pamphlet, is dit UDF se amptelike embleem? -- Ja, dit is.

Dit was by die gebeure van 4 September. Dan slaan (30) ons Woensdag, 5 September, oor. Dan kom ons by Donderdag,

6 September 1984. Kon u op daardie dag vir Esau Raditsela of Edith Lethlake in die hande kry? -- Nee, ek kon nie.

Het u gesoek na hulle? -- Ja, ek het.

En beskuldigde nr. 17, Sam Matlolle? -- Ek kon hom ook nie kry nie.

Wat het u toe gedoen? -- Op die dag het ek en 'n vriend van my in my vriend se kar gery vanaf my woning na Esau Raditsela se woning toe. Toe ons daar kom, was daar niemand tuis nie. Die mense daar in die nabyheid het soos volg ... (Mnr. Hanekom kom tussenbei) (10)

Ek dink nie dit is ter sake nie. Wat het u gedoen nadat u die persone nie kon opspoor nie? -- Ek het toe die UDF se kantore gebel en met Mathison Morobe oor die telefoon gepraat, waarop hy toe vir my oor die telefoon gesê het dat ek nie bekommerd hoef te wees nie, hulle is en dit is nie 'n ding wat ons oor die telefoon kan bespreek nie.

Wat bedoel u met hulle is? -- Dit het beteken hy weet waar hulle is.

Die hulle verwys na die drie persone wat u genoem het, Esau Raditsela, Edith Lethlake en beskuldigde nr. 17? -- (20) Dit is so.

Die volgende dag, Vrydag, 7 September 1984, het u weer vir eerwaarde Frank Chikane - nee, ekskuus, voordat ons daarby kom. Het u ook die kantore van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke by Khotso House, Johannesburg besoek, op Vrydag 7 September 1984? -- Ja.

Wat was die doel van die besoek? -- Dit was om biskop Desmond Tutu te gaan sien om hulp te bespreek met betrekking tot die persone wat hulle familielede verloor het. (Dit is dubbelsinnig. Dit kan beteken dat hulle oorlede is of (30) vermis word) In hierdie geval praat ek van oorlede familielede.

... / Het

Het u dit gedoen in u hoedanigheid as voorsitter van VCA? -- Ja, dit is so en nog 'n ding, die tweede rede is dat by die SACC om mense te kan help, moet dit nie gebeur byvoorbeeld dat mense op enkele dae kom nie. Dit word verwag dat predikante daar moet kom en die saak stel, dan sal hulle in staat wees om daardie hulp te verleen.

Het u dieselfde dag, Vrydag, 7 September 1984 ook weer na die kantoor van eerwaarde Frank Chikane gegaan? -- Ja, dit is so.

Het u ander mense van die Vaal Driehoek aangetref daar (10) in sy kantoor? -- Ja.

Wie was dit? -- Mnr. Mokoena van Evaton Ratepayers' Association.

Beskuldigde nr. 6? -- Ja. Mnr. Sotsu van Vanderbijlpark. Asook die lid van Zone 7 wat ek alreeds gister gesê het ek sy naam vergeet.

Is dit 'n beskuldigde? Hier is drie beskuldigdes nie in die hof nie. -- Nee, die een wat ek van praat is hierso.

Wie is dit? -- Dit is hierdie een.

Beskuldigde nr. 9. -- En nog 'n ander een van Vander- (20) bijlpark waarvan ek ook nie die naam ken nie. Hulle het in die persoon se voertuig gery.

Afgesien van eerwaarde Chikane was daar ander UDF beampies teenwoordig? -- As ek nog reg onthou Mathison Morobe was teenwoordig en nog 'n jong man wat werkzaam is by UDF se kantore. Hy is lank en skraal.

Het u die dag vir Esau Raditsela gesien? -- Ja, hy en Sam Matlole was ook daar teenwoordig.

Wat het daar gebeur? -- Daar het 'n probleempie opgeduik terwyl ons daar was, want mnr. Sotsu en Esau Raditsela het (30) ons begin inlig dat hulle tevrede is oor my nie. As ek sy

... / woordie

woorde moet aanhaal "Hulle is die mense wat die hele ding begin het."

Verwysende na wat? -- Maar ek is nou heelwat hoog in hier-die ding. Op hierdie stadium het hy gespraat van die onluste.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Ekskuus tog, wie se woorde was dit?

-- Dit is Sotsu se woorde. Hulle ontevredenheid oor my was dat hulle my beskuldig het daarvan dat ek 'n privaat of 'n geheime komitee gestig het wat nou tans besig is om toesig te hou oor die gebeurtenisse in die Vaal. Toe hulle daarvan gespraat het, het hulle verwys na die komitee wat ek gehad (10) het van predikante in die Vaal, na aanleiding waarvan ek toe aan hulle verduidelik het dat dit nie 'n geheim is dat ek 'n komitee het van predikante wat toesig hou oor die hulp wat verleen word aan mense wat dit nodig het nie. Ek het toe verder aan hulle gesê ek het probeer om die predikante bymekaar te kry sodat ons daarin kan slaag om die gemeenskap te help. Buiten dit is my ander moeilikheid dat ek nie ander lede van die VCA ontmoet nie dat ons dinge kan bespreek om 'n uitweg te kry. Dit was om daardie rede dat ek die besluit geneem het om predikante bymekaar te kry dat ons kan sien wat ons (20) kan doen. Daardie gesprek het 'n hele ruk geduur terwyl hulle my beskuldig het daarvan.

HCF : Kan ek net duidelikheid kry oor die gesprek. Het Sotsu gesê dat hulle onluste begin het of het Sotsu gesê dat hulle die VCA begin het? -- Wat hy gesê het was dat al die gebeurtenisse wat plaasgevind het in die Vaal, hulle is die mense wat dit begin het.

Verwysende na wie? Die hulle is nou verwysende na wie? -- Ek weet nie wie hy bedoel het toe hy gesê het hulle nie, want hy het nie 'n organisasie genoem nie, maar ek het hom (30) verstaan dat hy bedoel hy en ander persone het dit begin.

... / Hy

Hy het toe ook verder aangedui dat ek nie eers teenwoordig was by die vergaderings nie. Hierdie gesprek was toe tot bedaring gebring deur mnr. Mokoena.

Watter nommer is mnr. Mokoena? Is hy 'n beskuldigde of iemand anders? -- Ja, hy is een van die beskuldigdes.

MNR. HANEKOM : Beskuldigde nr. 6. -- Deur te sê dit is al lank dat hy opgemerk het dat daar nie 'n goeie samewerking is in die VCA nie. Hy het toe voorgestel dat ons bymekaar moet kom in 'n vergadering "to set our house in order." Daarna was daar toe besluit dat op die 9de 'n vergadering gehou (10) moet word, die Sondag. Hierdie vergadering moes gehou word by die Roomse Kerk te Small Farms. Daar was toe 'n versoek gerrig aan UDF om ons met die pamphlette te help. Daarna is ons toe uitmekaar.

Het UDF ingestem om te help met die pamphlette? -- Ja.

Ek toon aan u 'n pamphlet. Dit is BEWYSSTUK ANL5(7). Is dit die pamphlet? -- Ja.

U Edele, agter op u afdruk is daar 'n vertaling. My Geleerde Vriende het 'n paar wysigings aangebring waarop ons nou ooreenkoms. Net twee aspekte op die pamphlet. Daar is 'n (20) punt 3 op die pamphlet, wat vertaal word as "To stop the Lekoa Town Council to function in the Vaal Triangle." Wanneer is dit besluit dat dit 'n deel van die inhoud moes wees van die pamphlet? -- Dit is op die stadium toe ons ooreengekom het oor hierdie pamphlet.

En van die partye wat teenwoordig was, wie se voorstel was dit gewees? -- Ek het vroeër in my getuenis gesê dat die pamphlette se reëlings oorgelaat was aan die hande van Edith Lethlake en Sam Matlolo.

Beskuldigde nr. 17. Was dit ook die standpunt van (30) die Vaal Civic Association? -- Ja, want dit was eintlik die

... / oproep

oproep van die gemeenskap dat hulle nie die raadslede soek nie.

Die vierde punt wat vertaal word is "To request the government not to interfere in Evaton's affairs." Was dit ook die standpunt van die VCA? -- Ja, dit is so, want ons het hierdie probleem dat die regering wil die mense van Evaton se "freehold rights" terugvat of terugkry van hulle af. Nog 'n ding is, mense van Evaton wat op sy eie standplaas bly, moet nog vir 'n permit betaal. Met ander woorde, op jou eie plek, moet jy nog 'n permit kry om daarop te bly. Wat dan 'n aanduiding was dat indien 'n persoon versuim het om dit te (10) betaal, sal hulle jou uit jou eie plek kom uitjaag.

En is dit in die verband dat die tweede punt daar is vra vir die "abolishing of permits"? -- Ja, dit is so.

Ek sien onder aan die pamphlet staan hy is uitgegee deur Evaton Rate Payers' Association? -- Dit is so.

Terwyl die inhoud van die pamphlet daarop dui dat dit die Vaal Civic Association se pamphlet is. Kan u net dit verduidelik? -- Daar was 'n fout gewees. Hulle moes daar gespesifieer het dat die inhoud van die pamphlet die gedagtes was van Evaton Rate Payers' Association en Vaal Civic Association.(20)

HOF : En dit is u posbus? -- Ja, dit is myne.

Was ook verbonde aan die Evaton Rate Payers' Association? -- Ek was nie 'n lid daarvan nie, maar ek was 'n mens wat te doene gehad het daarmee in die sin dat ek 'n inwoner is van Evaton en die Rate Payers' Association het te doen met die probleme wat ontstaan het te Evaton.

MNR. HANEKOM : Om terug te keer dan na die byeenkoms daar op 7 September waar die pamphlet bespreek is ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Is ons by die 7de of die 9de?

MNR. HANEKOM : Die 7de waar die pamphlet bespreek is. (30) Nadat u uiteen is, wat het van beskuldigde nr. 17 en Esau

... / Raditsela

Raditsela geword? -- Ons het vertrek van Braamfontein af na Khotso House, naamlik ekself, Esau Raditsela, Sam Matlole, Mokoena en Mathison Morobe in Mathison Morobe se kar. Mathison is die persoon wat iets te doen gehad het daar n Khotso House. Met ons aankoms te Khotso House het hy alleen, Mathison Morobe, die gebou ingegaan. Toe hy teruggekeer het, het hy versoek dat ek en Mokoena moet daar agterbly, dit wil sê daar buite. Hy sal binnekort terug wees. Hy gaan iewers heen.

Beskuldigde nr. 6. -- Dit is toe wat hy vir Sam Matlole(10) en Esau Raditsela weggebring het.

Beskuldigde nr. 17. Het u geweet waarheen hy hulle geneem het? -- Nee, ons het nie geweet nie. Ons wou graag geweet het waarnatoe word hulle geneem, maar hy het beslis geweier om vir ons te sê.

Het u na daardie dag weer vir Esau Raditsela en beskuldigde nr. 17 gesien? -- Nee.

Dit was Vrydag, 7 September. Die volgende dag, 8 September 1984, het Mathison Morobe vir u gekontak? Dit was gedurende die aand van 8 September? -- Ja. (20)

Het hy 'n versoek aan u gerig?

HOF : Telefonies?

MNR. HANEKOM : Het hy u persoonlik gesien? -- Hy was persoonlik daar.

Het hy 'n versoek aan u gerig? -- Hy het my kom sê dat die pamphlette wat ons gesoek het nou gereed is, ons moet dit aan kry.

Is dit verwysende na hierdie pamphlet wat ek aan u getoon het BEWYSSTUK AN15(7)? Dit is die laaste een wat ek aan u getoon het? -- Ja, dit is. (30)

HOF : Wie is eintlik Mathison Morobe? Wat werk hy? -- Hy is

... / 'n

'n lid van UDF.

Op die bestuur? -- Ja.

MNR. HANEKOM : Hy het gesê die pamphlette is gereed. Wat het u toe gedoen? -- Ons is saam met hom weg in sy voertuig om 'n sekere persoon te gaan ontmoet op die Golden Highway. Die persoon moes die goed afgelewer het. By die punt waar hulle 'n afspraak gemaak het dat hulle mekaar sal ontmoet, het ons nie die persoon daar gekry nie, maar terwyl ons nog so aangery het op die Golden Highway het ons die voertuig opgemerk waar die persoon toe gewag het. Met ons aankoms daar het hy, (10) Morobe, uitgeklim om met daardie persoon te gaan praat, terwyl ek in die voertuig agtergebleef het. Dit was in die nag gewees en dit was donker, maar as gevolg van die lig wat geskyn het toe die voertuig se deur oopgemaak is of toe die lig in die voertuig aangegaan het, was al wat ek kon sien dat dit 'n Blankedame was wat in die voertuig was. Wie sy was, kan ek nie sê nie. Op hierdie stadium het Mathison toe dose uit die voertuig gehaal wat die pamphlette bevat het en dit in sy voertuig gaan plaas, waarvandaan ons toe verder gery het na Zone 3 toe. Dit is by die woning van Bavumile Vilakazi. (20)

Beskuldigde nr. 10. Het u die pamphlette daar afgegee? -- Ons het die pamphlette daar uitgehaal en nagegaan.

BEWYSSTUK AN15(7)? -- Ja, dit was die pamphlette. Daar was toe 'n probleem gewees, want hierdie vergadering was eintlik gereel vir die 9de by die Rooms-Katolieke Kerk, Small Farms. Na ons daardie ooreenkoms gemaak het, het sekere dinge plaasgevind wat dan veroorsaak het dat daar veranderings moet wees.

Om dit kort te maak, het die vergadering wat geadverteer was op die pamphlette toe nie plaasgevind op 9 September nie?

-- Dit is korrek. Daar was nie 'n vergadering nie. (30)

HOF : Was beskuldigde nr. 10 tuis toe julle die pamphlette

... / uitgesorteer

uitgesorteer het? -- Ja, hy was.

Het hy gehelp? -- Ons het dit bespreek oor hierdie pamflette en die vergadering wat ons nou sien nie gehou sal word nie.

MNR. HANEKOM : Hoeveel pamflette was daar ongeveer? -- Daar was baie gewees, omstreng tienduisend.

U Edele, die sluit eintlik die getuienis van hierdie getuie af. Daar is net 'n paar losstaande aspekte wat ek nog wil opklaar. Ek wil begin met BEWYSSTUK 0(3) wat netnou ter sprake was. Wie se handtekening verskyn onder aan die verslag wat gemerk is 0(3)? -- Dit is my handtekening. (10)

Was dit ook 'n verslag wat gerig is aan die algemene raadsvergadering van die UDF? -- Ja, dit is so.

In paragraaf 3 van die verslag skryf u "Zone 12, Sebokeng, a working committee of seven members is busy mobilising in this area and expect to form and elect an area committee within the next three months." Wat bedoel u met die "mobilising"? -- "Mobilising - it is setting into motion." Die geval dat daar gewerk word om die komitee te kan kies.

Dan die eerste paragraaf op die tweede bladsy sê u "An appeal is therefore made to the UDF to help orientate these (20) committees in order to tackle school methods effectively."

Dit verwys na "Parents' Action Committee" op die vorige bladsy?

Nou sê u daar word 'n beroep op UDF "to help orientate these committees." Wat bedoel u daarmee? Hoe moes UDF help? --

Dit is omdat daar baie probleme was wat van die skole af eintlik opgeduiik het, as gevolg waarvan die ouers toe bymekaar gekom het om hierdie probleme opgelos te kry. 'n Mens vind dit baie moeilik as 'n persoon nou begin om probleme op te los en die persoon verstaan nie wat dit eintlik behels nie.

Dit was om daardie rede dat ons gesoek het na persone met (30) 'n verstandhouding van wat gebeur het om hierdie te kom help.

... / Byvoorbeeld

Byvoorbeeld 'n mens soos Curtis Nkondo, want hy was betrokke gewees met die onderwys vir 'n goeie lang tyd.

In sy hoedanigheid as 'n UDF persoon? -- Nee, voor die bestaan van die UDF. "He was in fact a school principal for some time."

As ek my reg herinner het u reeds getuig dat hy die portefeuilje eintlik of die amp wat hy by UDF beklee het was in die onderwysrigting. Ek bedoel dit in daardie rigting? -- Ja, dit is so.

Dan die laaste paragraaf bedank u lede van UDF "for (10) their help from time to time, especially Comrade Curtis Nkondo who was an inspiration to the Vaal Civic Association." Wat se spesifieke hulp het mnr. Nkondo verleen? -- As u terugkyk na my getuienis aan die begin, het ek gesê met die stigting of die begin van die Vaal Civic Association, was dit met die hulp van die lede van die Civic Association van Soweto en UDF. Selfs daar het ek gesê in my getuienis mnr. Nkondo het daar met hulp uitgekom waar hy toe gedagtes vorendag gebring het oor sekere aspekte. Dit was om daardie rede dan dat Vaal Civic Association besluit het om vir hom dankie te sê vir (20) die hulp wat hy verleen het.

Dan sluit u die verslag af met "We hope for real mobilisation and success in the new year." Kan u net verduidelik wat bedoel word met "real mobilisation"? -- Ek het dit in die selfde konteks gebruik soos ek dit nou net verduidelik het.

Dan is daar so 'n slagspreuk onder u handtekening "The struggle continues". Waarna verwys dit? -- Dit is net woorde vir aanmoediging dat ons nog besig is om aan te gaan met die bakleiery vir ons regte.

Ek gaan nou verwys na BEWYSSTUKKE N(1) TOT N(4). Ek (30) toon aan die getuie die oorspronklike. Bo-op die eerste

... / dokument

dokument N(1) verskyn 'n handtekening. Is dit u handtekening?

-- Ja.

Is dit korrek dat hierdie dokumente N(1) tot en met N(4) is in u besit gevind? -- Ja.

Dan as ons kyk na die eerste dokument N(1), is 'n brief van die United Democratic Front aan die Sekretaris van die VCA. Dan word daar so in die middel van die briefie geskryf "Please ensure that your delegates are armed with a mandate on this issue." Is dit die mandaat oor die Indiërv verkiesings wat ons reeds ingehandig het? -- Ja, dit is so. (10)

K99

Die tweede dokument wat gemerk is N(2), wat is dit? -- Dit is die notule van die General Council Meeting.

Notule van die UDF General Council Meeting wat gehou was 10 Desember 1983? -- Ja.

En bo-aan die eerste item wat sê wie teenwoordig was, is u organisasie se naam Vaal Civic Association. Is dit reg? -- Ja, dit is reg.

Dan die derde dokument N(3) sê dit is 'n "Secretarial report to the general council meeting held on 10 December 1983". Hoe het hierdie verslag in u besit gekom? -- Die (20) UDF het dit vir ons gestuur. Byvoorbeeld daar is 'n notule van die Council's Meeting hierso. Na elke vergadering het die UDF dit vir ons gestuur.

Op baldsy 2 van die sekretariële verslag by paragraaf 8 onder die opskrif "Reports from Affiliates" staan "DESCOM has assisted the Vaal Civic Association to trace its members who were arrested on voting day." Wie is DESCOM? -- Ek kan nie onthou watter organisasie is hierdie een nie.

Ek dink nie dit sal betwissel word nie. Dit is die Detainees Support Committee. Hoe het hulle u organisasie, Vaal (30) Civic Association gehelp? -- Ek dra geen kennis daarvan nie.

... / Dan

Dan net die volgende sin sê "They have also had discussions on a reformed strategy." Kan u dit net opklaar. Was daar - beteken dit dat daar samesprekings was tussen u vereniging en DESCOM? -- Soos ek alreeds gesê het, ek dra geen kennis van dit nie.

Dan die vierde dokument gemerk N(4). Dit is 'n persverklaring van die UDF Transvaal gedateer 12 Desember 1983.

Hoe het dit in u besit gekom? -- Ek sal nie weet wanneer ek dit ontvang het nie, maar dit is een van die dokumente wat gestuur was deur UDF. (10)

As aanhangsel tot die persverklaring is daar 'n statistiek wat getitel is UDF Statistics oor die verkiesings en op bladsy 2 van die statistiek heel bo aan is Evaton. Daar word syfers gegee van die bevolking van Evaton, mense op die kieserslys, mense wat gestem het ensovoorts. Sien u dit? -- Ja.

Weet u hoe UDF hierdie syfers bekom het? -- Nee, ek weet nie.

Het u vereniging, die Vaal Civic Association, op enige stadium sodanige statistiek verskaf aan UDF? -- Nee, ek dra geen kennis daarvan nie. (20)

Dan 'n ander aspek, na die onluste wat 3 September 1984 begin het in die Vaal Driehoek, het u 'n hele reeks begraffinisse gehou van mense wat gesterf het? -- Ja.

Kan u onthou dat u op 23 September 1984 ene Joseph Sithole se begrafnisdienst waargeneem het? -- Dit is so, ja.

